Provincial Gazette

Free State Province

Published by Authority

Provinsiale Koerant

Provinsie Vrystaat

Uitgegee op Gesag

No.	56	MONDAY, 4 August 2008

No.	56	MAANDAG, 4 Augustus 2008

No.	Index	Page
	PROVINCIAL NOTICE	
232	Free State Petitions Regulations, 2008	2

No.	Inhoud	Bladsy
	PROVINSIALE KENNISGEWING	
232	Vrystaatse Petisieregulasies, 2008	3

[No. 232 of 2008]

FREE STATE PROVINCIAL LEGISLATURE

FREE STATE PETITIONS ACT OF 2008

REGULATIONS RELATING TO THE SUBMISSION, INVESTIGATION AND CONSIDERATION OF PETITIONS

The Speaker of the Free State Provincial Legislature, Hon. P.Z. Matosa, acting in terms of section 16 of the Free State Petitions Act, 2008 (Act No.2 of 2008) made the regulations set out in the **SCHEDULE**

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise, any word or expression defined in the Act has that meaning, and-

"this Act" means the Free State Petitions Act, 2008 (Act No. 2 of 2008);

"Committee" means a Portfolio Committee of the Legislature, and includes an *ad hoc* Committee established in terms of the Standing Rules and Orders;

"Constitution" means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;

"Legislature" means the Provincial Legislature of the Province contemplated in section 104 of the Constitution;

"Petition" means a complaint or request or a representation or a submission addressed by a petitioner to the Committee in terms of this Act;

"Petitions Office" has corresponding meaning with administrative support services defined in this Act and includes petitions unit, directorate or one or more of staff members assigned therein; and

"Province" means the Province of the Free State established in terms of section 103 of the Constitution.

Application of regulations

2. These regulations apply to any petition referred to in this Act.

[No. 232 van 2008]

VRYSTAAT PROVINSIALE WETGEWER

VRYSTAATSE WET OP PETISIES VAN 2008

REGULASIES RAKENDE DIE VOORLEGGING VAN, ONDERSOEK NA, EN OORWEGING VAN PETISIES

Die Speaker van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer Hon. P.Z. Matosa het, in ooreenstemming met artikel 16 van die Vrystaatse Wetsontwerp op Petisies, 2008 (Wet Nr. 2 van 2008) die regulasies wat in die **SKEDULE** uiteengesit is, opgestel.

SKEDULE

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking wat in die Wet gedefinieer is daardie betekenis, en–

"Grondwet" beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"Komitee" beteken 'n portefeuljekomitee van die Wetgewer en sluit 'n gekose komitee in wat ooreenkomstig die Reglement van Orde in die lewe geroep is;

"Petisie" beteken 'n klagte of versoek of 'n voorlegging of 'n betoog wat deur 'n petisionaris ingevolge hierdie Wet aan die Komitee gerig is;

"Petisiekantoor" het 'n ooreenstemmende betekenis as administratiewe steundiens wat in hierdie Wet omskryf is en sluit in 'n petisie-eenheid, -direktoraat of een of meer personeellede daaraan toegewys;

"Provinsie" beteken die Provinsie Vrystaat wat volgens artikel 103 van die Grondwet in die lewe geroep is;

"hierdie Wet" beteken die Vrystaatse Wet op Petisies van 2008(Wet No. 2 van 2008); en

"Wetgewer" beteken die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie soos in artikel 104 van die Grondwet in die vooruitsig gestel.

Toepassing van regulasies

2. Hierdie regulasies is van toepassing op enige petisie waarna in hierdie Wet verwys word.

Submission

3. (1) Subject to Rule 39(1) of the Standing Rules and Orders, a petition may be submitted to the Petitions Office in one of the following:

(a) mail, whether postal or electronic transmission thereof;
(b) facsimile transmission;
(c) delivered personally at Legislature's offices or any designated area;
(d) online through the Legislature's website;
(e) at any of constituency offices of the Legislature listed in **ANNEXURE "E"** of the Act;
(f) through a Member of the Legislature.

(2) A petition submitted in accordance with paragraph (a), (b), (c) and (d) of sub-regulation (1), must be processed and or registered within 2 working days of its submission and receipt by Petitions Office.

(3) For any petition submitted in accordance with paragraph (e) and (f) of sub-regulation (1); administrators of constituency offices and Members of the Provincial Legislature must send them, using any of provisions of paragraphs (a) to (d) of sub-regulation (1), not later than 3 working days from date of receipt from a petitioner.

(4) Petitions Office must, on receipt of a petition, complete the form prescribed in **ANNEXURE "A"** of the Act, reflecting:

(a) the name of the person or persons who made the petition, or the name of the group or section of a community on whose behalf that person has made that petition;

(b) the capacity contemplated in paragraphs (a), (b), (c) and (d) of section 4(1) of the Act in which the petitioner is acting;

(c) the contact details of the person making the petition;

(d) the subject matter of the petition;

(e) any matter which the Speaker or the Committee may require to be detailed.

Indiening

3. (1) Behoudens Reel 39(1) van die Reglement van Orde, mag 'n petisie op enige van die volgende wyses aan die Petisiekantoor ingedien word:

(a) per pos, óf deur die posdiens, óf elektronies versend;
(b) per faks;
(c) persoonlik afgelewer by die Wetgewer se kantoor of by enige aangewese gebied;
(d) aanlyn op die Wetgewer se webwerf;
(e) by enige kiesafdelingskantoor van die Wetgewer wat in **BYLAAG "E"** gelys is;
(f) deur 'n Lid van die Wetgewer.

(2) 'n Petisie wat ingevolge paragraaf (a), (b), (c) en (d) van subartikel (1) ingedien is, moet binne 2 werksdae van die indiening en/of ontvangs daarvan deur die Petisiekantoor geprosesseer of geregistreer word.

(3) Vir enige petisie wat ingevolge paragraaf (e) en (f) van subartikel (1) ingedien is, moet administrateurs van kiesafdelingskantore en Lede van die Provinsiale Wetgewer dit stuur, met gebruikmaking van enige van die bepalings van paragrawe (a) tot (d) van subartikel (1), nie later nie as drie werksdae dae vanaf die datum waarop dit van 'n petisionaris ontvang is.

(4) Die Petisiekantoor moet, wanneer 'n petisie ontvang word, die vorm voltooi wat in **BYLAAG "A"** van die Wet voorgeskryf word en die volgende aantoon:

(a) die naam van die persoon of persone wat die petisie opgestel het het, of die naam van die groep of deel van 'n gemeenskap namens wie daardie persoon daardie petisie opgestel het;

(b) die hoedanigheid soos beoog in paragrawe (a), (b), (c) en (d) van artikel 4(1) van die Wet waarin die petisionaris optree;

(c) die kontakbesonderhede van die persoon wat die petisie rig;

(d) die onderwerp van die petisie;

(e) enige kwessie wat die Speaker of die Komitee vereis aangetoon moet word.

(5) The Petitions Office must consider a petition in order to determine whether it meets the requirements of the Act to be considered by the Committee and enter an opinion in this regard in the petition file.

(6) For purposes of administration, save the provisions of sub-regulation (3), time frames relating to a petition shall start to count from the day it reaches the Petitions Office, irrespective of where and how it was submitted.

Registration

4. (1) The Petitions Office must, subject to regulation 3(2), register such petition in a petitions register prescribed in **ANNEXURE "B"** of the Act, and–

(a) open a petition file which must contain the form contemplated in regulation 3(4) and all information or other material particular to the petition which the Petitions Office obtains or produces;

(b) assign a file number to the petition file contemplated in paragraph "a";

(c) inform the person who made the petition of the registration thereof and the file number assigned to that petition.

(2) The Petitions Office must keep additional two registers separately, in which the following types of submissions shall be entered–

(a) For submissions qualifying as petitions, but do not fall within the competence of the Legislature because they are within exclusive jurisdiction of national sphere/parliament;

(b) For submissions that do not qualify as petitions due to one or more of provisions of section 4(4) (b) to (d), or other reasons excluding those provided for in paragraph (a).

(3) Petitions Office must retain a legible and full copy of the petition file.

(5) Die Petisiekantoor moet 'n petisie oorweeg ten einde te bepaal of dit aan die vereistes van die Wet voldoen om deur die Komitee oorweeg te word en in hierdie verband 'n mening in die petisielêer insluit.

(6) Vir doeleindes van administrasie, met uitsondering van die bepalings van subartikel (3) sal tydraamwerke geld wat met 'n petisie verband hou vanaf die dag waarop dit die Petisiekantoor bereik, nieteenstaande waar of hoe dit ingedien is.

Registrasie

4. (1) Die Petisiekantoor moet, onderworpe aan regulasie 3(2) sodanige petisie in 'n petisieregister wat in **BYLAAG "B"** van die Wet voorgeskryf is, registreer, en-

(a) 'n petisielêer open wat die vorm wat in regulasie 3(4) in die vooruitsig gestel word en alle inligting of ander materiaal spesifiek tot die petisie moet bevat wat die Petisiekantoor bekom of voortbring;

(b) 'n lêernommer aan die petisielêer toeken soos in paragraaf "a" in die vooruitsig gestel;

(c) die persoon wat die petisie gerig het van die registrasie daarvan en van die lêernommer wat aan daardie petisie toegeken is, inlig.

(2) Die Petisiekantoor moet twee addisionele registers apart hou waarin die volgende voorleggings aangeteken moet word-

(a) Vir voorleggings wat as petisies kwalifiseer, maar nie binne die bevoegdheid van die Wetgewer resorteer nie omdat dit binne die eksklusiewe jurisdiksie van die nasionale sfeer of parlement val;

(b) Vir voorleggings wat nie as petisies kwalifiseer nie, weens een of meer van die bepalings van artikel 4(4)(b) tot (d) of weens ander redes wat daardie waarvoor in paragraaf (a) voorsiening gemaak is, uitsluit.

(3) Die Petisiekantoor moet 'n leesbare en volledige kopie van die petisielêer behou.

Preliminary investigation of petition

5. (1) The Petitions Office must after registration of a petition and the opening of a file as contemplated in regulation 4, conduct a preliminary investigation in respect of that petition and–

(a) if applicable, obtain all information or documents on policy held by the executive authority of either or both national and province; or any other relevant official body, which is relevant to the petition;

(b) endeavour to obtain the input of the Department which is responsible for a function of the executive of the Province which is relevant to the petition;

(c) if applicable, obtain all information or documents on policy held by a municipal council of a local government on the petition;

(d) endeavour to obtain the input of the municipal council of a local government, which is responsible for a function within its jurisdiction which is relevant to the petition;

(e) if necessary, cause the petition and any other relevant information or document to be translated in accordance with provisions of this Act or the Standing Rules and Orders; and

(f) if the petition pertains to

(i) a question of law;
(ii) the interpretation of legislation;
(iii) a legislative proposal;
(iv) a bill tabled in the legislature,

require a legal advisor of the Legislature or the executive authority of the Province to render advice or express an opinion on that matter.

Voorlopige ondersoek van 'n petisie

5. (1) Die Petisiekantoor moet na die registrasie van 'n petisie en die opening van 'n lêer soos in regulasie 4 beoog, 'n voorlopige ondersoek uitvoer ten opsigte van daardie petisie en-

(a) indien van toepassing, alle inligting of dokumente bekom oor beleid wat deur die uitvoerende gesag van enige van of beide die nasionale of provinsiale sfeer, of enige ander toepaslike amptelike liggaam gehou word wat vir die petisie toepaslik is;

(b) poog om die inset van die departement wat verantwoordelik is vir 'n funksie van die uitvoerende gesag van die Provinsie wat toepaslik vir die petisie is, te verkry;

(c) indien van toepassing, alle inligting of dokumente bekom oor beleid wat deur 'n munisipale raad van 'n plaaslike regering oor die petisie gehou word;

(d) poog om die inset van die munisipale raad van 'n plaaslike regering wat verantwoordelik is vir 'n funksie binne sy jurisdiksie wat toepaslik vir die petisie is, te verkry;

(e) indien nodig, toesien dat die petisie en enige ander toepaslike inligting of dokument vertaal word in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Wet of die Reglement van Orde; en

(f) indien die petisie betrekking het op

(i) 'n regsvraag;
(ii) die interpretasie van wetgewing;
(iii) 'n wetgewende voorstel;
(iv) 'n wetsontwerp wat in die Wetgewer ter tafel gelê is,

toesien dat 'n regsadviseur van die Wetgewer of die uitvoerende gesag van die Provinsie advies voorsien of 'n mening oor daardie kwessie uitspreek.

(2) Petitions Office or the legal advisor contemplated in paragraph (f) of sub-regulation (1) may for purposes of this regulation, request any person or body other than that contemplated in sub-regulation (1) to comment on or provide information held by him, her or it in respect of the statement or complaint which may reasonably be required to complete the preliminary investigation.

(3) Petitions Office must, if it has in terms of –

(a) paragraphs (a), (b), (c), or (d) of sub-regulation (1) or sub-regulation (2), requested information, documents on policy or official comment;

(b) paragraph (e) requested a translation of the petition and other information, or

(c) paragraph (f) requested legal advice or a legal opinion,

request the Department, body, municipal council, local government, translator or legal advisor concerned, as the case may be, to provide such information, documents on policy or official comment within 10 working days after receipt of that request.

(4) Petitions Office must conduct its preliminary investigation without favour or prejudice to the petitioner or the petition and in accordance with any code of conduct applicable to an employee of the Legislature.

(5) Petitions Office must submit the petition file to the Secretary to the Free State Provincial Legislature within 60 working days of its registration, subject to Rule 40 of the Standing Rules and Orders.

(6) Petition File contemplated in sub-regulation (5) must contain separate reports in respect of-

(a) the preliminary investigation into the petition, including-

(i) any opinion held or recommendation made by the petitions office in respect of the petition

(ii) any opinion or comment on the matter furnished by a legal advisor contemplated in paragraph (f) of sub-regulation (1);

(2) Die Petisiekantoor of die regsadviseur wat in paragraaf (f) van subartikel (1) beoog word, mag vir doeleindes van hierdie regulasie enige persoon of liggaam, anders as dié wat in subregulasie (1) beoog word, versoek om kommentaar te lewer oor of inligting te voorsien wat deur hom, haar of dit gehou word ten opsigte van die stelling of klagte wat redelikerwyse benodig mag word om die voorlopige ondersoek af te handel.

(3) Die Petisiekantoor moet, indien dit ten opsigte van –

(a) paragrawe (a), (b), (c), of (d) van subregulasie (1) of subregulasie (2) inligting, dokumente rakende beleid, of amptelike kommentaar versoek het;

(b) paragraaf (e) 'n vertaling van die petisie en ander inligting versoek het; of

(c) paragraaf (f) regsadvies of 'n regsmening versoek het,

die betrokke departement, liggaam, munisipale raad, plaaslike regering, vertaler of regsadviseur, na gelang van die geval, versoek om sodanige inligting, dokumente oor beleid of amptelike kommentaar binne 10 werksdae na die onvangs van daardie versoek te voorsien.

(4) Die Petisiekantoor moet sy voorlopige ondersoek sonder bevoordeling of benadeling van die petisionaris of die petisie en in ooreenstemming met enige gedragskode wat op 'n werknemer van die Wetgewer van toepassing is, onderneem.

(5) Die Petisiekantoor moet die petisielêer binne 60 werksdae vanaf die registrasie daarvan by die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgwer indien, behoudens Reël 40 van die Reglement van Orde.

(6) Die petisielêer in subregulasie (5) beoog moet aparte verslae bevat ten opsigte van-

(a) die voorlopige ondersoek na die petisie, insluitende-

(i) enige opinie gehuldig of aanbevelings gedoen deur die Petisiekantoor ten opsigte van die petisie;

(ii) enige mening of opmerking oor die saak deur 'n regsadviseur soos beoog in paragraaf (f) van subregulasie (1);

(b) the steps taken by the petitions office in accordance with sub-regulation (1); and

(c) the name of any person or body who was requested to provide information in respect of or comment on the petition who or which failed or refused to do so and, if available, his or her or its reasons for failing or refusing to do so.

Tabling or referral

6. The Speaker must, subject to section 5 of the Act, upon receipt of the petition file, not later than 2 working days, examine the file and–

(a) table in the Legislature or refer the petition file to the Committee for consideration within 14 working days of approval in terms of Rule 40 of the Standing Rules and Orders, whichever occur first; or

(b) may refer the file back to the petitions office with instructions that he or she may deem appropriate, including an instruction in respect of the period of time within which the petitions office must comply; or

(c) may cause the petition contemplated in regulation 4(2) (a) to be referred to delegates representing the province in the National Council of Provinces for consideration by the Parliament.

Consideration by the Committee and archiving of the petition

7. (1) The Committee must consider and deal with the petition referred to it by the Legislature by way of resolution or the Speaker, not later than 14 working days of such referral, where after it may -

(a) recommend that the Speaker refers a petition in whole or in part to person or body contemplated in section 6 (c) of the Act;

(b) instruct the Petitions Office to inform the petitioner in writing of interim developments in respect of the consideration of a particular petition.

(2) The Secretary to the Free State Provincial Legislature must-

(a) notify the petitioner in writing of the outcome of the petition; and

(b) die stappe wat deur die Petisiekantoor gedoen is in ooreenstemming met subregulasie (1); en

(c) die naam van enige persoon of liggaam wat versoek is om inligting ten opsigte van of opmerkings oor die petisie te voorsien, wat in gebreke gebly het of geweier het om dit te doen en, indien beskikbaar, sy, haar of dit se redes waarom in gebreke gebly is of geweier is om dit te doen.

Tertafellegging of Verwysing

6. Die Speaker moet, behoudens artikel 5 van die Wet, by ontvangs van die petisielêer, en nie later as 2 werksdae daarna nie, die lêer ondersoek en-

(a) in die Wetgewer ter tafel lê of die petisielêer na die Komitee verwys vir oorweging binne 14 werksdae na goedkeuring ingevolge Reël 40 van die Reglement van Orde, wat ook al eerste plaasvind; of

(b) mag die lêer terugverwys na die Petisiekantoor met instruksies wat hy of sy paslik mag ag, insluitende 'n instruksie ten opsigte van die tydperk waarbinne die Petisiekantoor daaraan moet voldoen; of

(c) mag toesien dat die petisie beoog in regulasie 4(2)(a) verwys word na afgevaardigdes wat die Provinsie in die Nasionale Raad van Provinsies verteenwoordig vir oorweging deur die Parlement.

Oorweging deur die komitee en opneem van die petisie in die argief

7. (1) Die Komitee moet die petisie wat verwys word deur die Wetgewer by wyse van resolusie of deur die Speaker, nielater nie as 14 werkdae na sodanige verwysing oorweeg en daarmee handel, waarna dit -

(a) mag aanbeveel dat die Speaker 'n petisie in geheel of gedeeltelik na 'n persoon of liggaam verwys soos beoog in artikel 6(c) van die Wet;

(b) die Petisiekantoor opdrag gee om die petisionaris skriftelik in kennis te stel van tussentydse ontwikkelings ten opsigte van die oorweging van 'n bepaalde petisie.

(2) Die Sekretaris van die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer moet-

(a) die petisionaris in kennis stel van die uitslag van die petisie; en

(b) archive the petition file in accordance with any applicable law pertaining to the archiving of documents.

Legislature not in session

8. (1) The-

(a) provisions of the Act or the Standing Rules and Orders; and

(b) the duties and obligations placed on a person or body, including the Legislature, in terms of the Act or the Standing Rules and Orders,

are not suspended in respect of a petition solely because the Legislature is in recess, at the end of a legislative term or for whatever other reason not in sitting.

(2) A petition submitted before the Legislature goes in recess or is at the end of a legislative term must be dealt with in accordance with the Act, or the Standing Rules and Orders as if the Legislature is still sitting.

(3) If-

(a) the term of office of the Legislature expires;
(b) the Legislature is dissolved in terms of section 109 of the Constitution; or
(c) the Premier has called an election for the Legislature,

and the Legislature has not yet finalized its consideration of the petition, the Legislature must immediately cease it consideration of the petition and and instruct the Petitions Office to hold over the petition until a new Legislature has been elected and has met for its first sitting contemplated in section 110(1) of the Constitution.

(4) If the Petitions Office is investigating a petition in a period during which a Legislature has not yet been elected, it must hold the petition over until the new Legislature has been elected and has met for the first sitting contemplated in section 110(1) of the Constitution.

(5) Petitions Office must inform in writing a petitioner if a situation contemplated in this regulation arises.

(b) die petisielêer in die argief laat opneem in ooreenstemming met enige toepaslike wet wat betrekking het op die opneming van dokumente in argiewe.

Wetgewer nie in sessie nie

8. (1) Die-

(a) bepalings van die Wet of die Reglement van Orde; en

(b) verantwoordelikhede en verpligtinge wat ingevolge die Wet of die Reglement van Orde aan 'n persoon of liggaam opgelê word, insluitende aan die Wetgewer;

word nie ten opsigte van 'n petisie opgeskort alleen omdat die Wetgewer in reses is, aan die einde van 'n termyn gekom het, of vir watter rede ook al nie in sitting is nie.

(2) 'n Petisie wat ingedien is voordat die Wetgewer in reses gaan of aan die einde gekom het van 'n Wetgewer se termyn moet in ooreenstemming met die Wet of Reglement van Orde hanteer word asof die Wetgewer steeds in sitting is.

(3) Indien-

(a) die ampstermyn van die Wetgewer verstryk;
(b) die Wetgewer ontbind word ingevolge artikel 109 van die Grondwet; of
(c) die Premier 'n verkiesing vir die Wetgewer uitgeroep het,

en die Wetgewer het nog nie sy oorweging van die petisie afgehandel nie, moet die Wetgewer onmiddellik sy oorweging van die petisie staak en die Petisiekantoor opdrag gee om die petisie oor te hou totdat 'n nuwe Wetgewer verkies is en vir sy eerste sitting vergader het soos beoog in artikel 110(1) van die Grondwet.

(4) Indien die Petisiekantoor 'n petisie ondersoek in 'n tydperk waartydens 'n Wetgewer nog nie verkies is nie, moet dit die petisie oorhou totdat die nuwe Wetgewer verkies is en vir die eerste sitting vergader het soos beoog in artikel 110(1) van die Grondwet.

(5) Die Petisiekantoor moet 'n petisionaris skriftelik in kennis stel indien 'n situasie wat in hierdie regulasie beoog word, voorkom.

Conflict of interests

9. (1) Any Member of the Committee or member of staff of the Petitions Office must, if he or she has direct pecuniary interest in any petitioner, in respect of any petitioner or in the outcome of a petition immediately upon becoming aware of that interest-

(a) in writing notify the Committee of that interest in the case of a Member, and the Secretary to the Free State Provincial Legialature in the case of a member of staff, and details thereof; and

(b) cause a copy of that notification to the Secretary to the Free State Provincial Legislature to be lodged in the petition file.

(2) Sub-regulation (1) does not in any way derogate from the provisions of-

(a) the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2004 (Act No. 4 of 2004); or

(b) any code of ethics or code of conduct applicable to any member of the Committee or member of staff of the petitions office.

Short title

10. These regulations are called the Free State Petitions Regulations, 2008.

Botsing van belange

9. (1) Enige Lid van die Komitee of personeellid van die Petisiekantoor moet, indien hy of sy 'n direkte finansiële belang by enige petisionaris het, ten opsigte van enige petisionaris, of in die uitslag van 'n petisie, onmiddellik wanneer hy of sy van daardie belang bewus word-

(a) skriftelik die Komitee van daardie belang in kennis stel in die geval van 'n Lid, en die Sekretaris van die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer in die geval van 'n personeellid, asook besonderhede daarvan voorsien; en

(b) toesien dat 'n afskrif van daardie kennisgewing aan die Sekretaris van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer in die petisielêer opgeneem word.

(2) Subregulasie (1) is op geen wyse 'n inkorting nie van die bepalings van-

(a) die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004 (Wet No. 4 van 2004); of

(b) enige etiese kode of gedragskode wat op enige Lid van die Komitee of personeellid van die Petisiekantoor van toepassing is.

Korttitel

10. Hierdie regulasies heet die Vrystaatse Petisieregulasies, 2008.

ANNEXURE A

PETITION FORM [PF1]

[Prescribed form in terms of regulation 3(4)]

Date				
Full Names			**Surname**	
Gender	Male	Female	**Title**	
I.D. No.			**Contacts:** Telephone: Fax: Cell: E-mail	
Address	Residential:			
	Postal:		**Alternative contact details/person** Telephone: Fax: Cell: E-mail	
Type of submission	Individual	Group		
How did u hear about Legislature or Petitions Office?				
What is your statement or complaint?				
What is your expectation?			**Where have you taken your compliant before, if so, what is the outcome?**	
Home language:			**Preferred language of communication**	
Did you attach additional statements in a separate document(s), if yes how many?			**Signature:**	

FOR OFFICE USE ONLY:

Date received: ..... **Handled by:** .....

Appropriate register: ..... **FILE NUMBER:** _____

BYLAAG A

PETISIEVORM [PF1]

[Voorgeskrewe vorm ingevolge regulasie 3(4)]

Datum				
Volle naam			**Van**	
Geslag	Manlik	Vroulik	**Titel**	
ID-nommer			**Kontakbesonderhede:**	
Adres	Residensieel:		Telefoon: Faks: Selfoon: E-pos:	
	Pos:		**Alternatiewe kontakbesonderhede/ -persoon** Telefoon: Faks: Selfoon: E-pos	
Tipe voorlegging	Indiwidueel	Groep		
Waar het u van die Wetgewer of Petisiekantoor gehoor?				
Wat is u stelling of klagte?				
Wat verwag u moet gebeur?			**Aan wie het u voorheen u klagtens gerig en, indien die geval, wat was die uitslag?**	
Huistaal:			**In watter taal verkies u om kommunikasie te ontvang?**	
Het u addisionele verklarings in 'n aparte dokument of dokumente aangeheg? Indien wel, hoeveel?			**Handtekening:**	

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:

Datum ontvang: ..... **Hanteer deur: .....**

Toepaslike register: ..... **LÊERNOMMER:** _____

ANNEXURE B

PETITIONS REGISTER [PRP1]

[Prescribed register in terms of regulation 4(1)]

No.	Name of petitioner(s)	Registration date	Department / institution	File number	Assigned official

BYLAAG B

PETISIEREGISTER [PRP1]

[Voorgeskrewe register ingevolge regulasie 4(1)]

No.	Naam van petisionaris(se)	Registrasiedatum	Departement/ instelling	Lêernommer	Aangewes amptenaa

ANNEXURE C

PETITIONS REGISTER: NCOP [PRN2]

[Prescribed register in terms of regulation 4(2) (a)]

No.	Name of petitioner(s)	Registration date	Department / institution	File number	Assigned official

BYLAAG C

PETISIEREGISTER: NRP [PRN2]

[Voorgeskrewe register ingevolge regulasie 4(2)(a)]

No.	Naam van petisionaris(se)	Registrasiedatum	Departement/ instelling	Lêernommer	Aangewese amptenaar

ANNEXURE D

REGISTER FOR OTHER SUBMISSIONS [SR3]

[Prescribed register in terms of regulation 4(2) (b)]

No.	Name of Complainant	Submission date	Advice rendered and reasons thereof	Reference number	Responsible official

BYLAAG D

REGISTER VIR ANDER VOORLEGGINGS [SR3]

[Voorgeskrewe register ingevolge regulasie 4(2)(b)]

No.	Naam van klaer	Indieningsdatum	Advies verskaf en redes daarvoor	Verwysingsnommer	Verantwoordelike amptenaar

ANNEXURE E

CONSTITUENCY OFFICES

[Constituency offices recognised in terms of regulation 3(1) (e)]

[Prescribed register in terms of regulation 3(1) (e)]

No.	Name of petitioner(s)	Registration date	Department / institution	File number	Assigned official

BYLAAG E

KIESAFDELINGSKANTORE

[Kiesafdelingskantore wat ingevolge regulasie 3(1)(e) erken word]

[Voorgeskrewe register ingevolge regulasie 3(1)(e)]

No.	Naam van petisionaris(se)	Registrasiedatum	Departement/ instelling	Lêernommer	Aangewese amptenaar